SURF

STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

# Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (SURF): Gids vir nuwe lede

Die Universiteit Stellenbosch Afredefonds (SURF) wil lede en hulle afhanklikes die beste beskikbare aftree- en sterftevoordele bied vir die bydraes wat betaal word.

Hierdie dokument volg ’n vraag-en-antwoordstyl om die SURF-voordele te verduidelik, en bied ook voorbeelde van hoe voordele bereken word. Hou egter in gedagte dat dít slegs ’n samevatting is. Volledige besonderhede is te kry in die amptelike SURF-reëls, wat ook sal geld in geval van enige teenstrydigheid.

Indien enigiets in hierdie gids onduidelik is of jy enige verdere inligting kortkom, kontak gerus Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za.

# Afdeling A

## 1. Bydraes

### 1.1 Watter gedeelte van my vergoeding word gebruik om bydraes te bereken?

Bydraes word bereken op grond van jou pensioengewende salaris, wat 75% van jou totale koste van indiensname is.



### 1.2 Gestel my pensioengewende salaris word aangepas, wanneer word die SURF-bydraes en -voordele herbereken?

Bydraes en voordele word herbereken vanaf die eerste dag van die maand waarin jou pensioengewende salaris aangepas word.

### 1.3 Hoeveel dra ek tot die Fonds by?

Die minimum bydrae tot die Fonds is 15% van pensioengewende salaris. Jy kan egter kies om tot 35% van jou pensioengewende salaris by te dra.

Jy kry een keer per jaar die geleentheid om jou vergoedingspakket te herstruktureer deur ’n bydraekategorie tussen 15% en 35%, in intervalle van 2,5%, te kies (d.w.s. 15%, 17,5%, 20%, 22,5%, 25%, 27,5%, 30%, 32,5% of 35%).

### 1.4 Kan ek bykomende bydraes maak?

Ja, as jy reeds teen ’n koers van 35% van jou pensioengewende salaris bydra.

### 1.5 Hoe word my bydraes belê?

Jou geld word tot op 60-jarige ouderdom in die Groei-portefeulje belê. Hierdie portefeulje is bekend vir sowel hoë groei as hoë risiko. Sodra jy 60 word, word jou belegging volgens die lewensfasestrategie na ’n portefeulje met laer groei en laer risiko verskuif.

Vanaf 53-jarige ouderdom kan lede ook kies om hulle fondswaarde in die volgende portefeuljes te belê:

- Groei
- Aggressiewe Absolute Opbrengs
- Konserwatiewe Absolute Opbrengs
- Kapitaalbeskerming

Boonop bied die Fonds ’n Shari’ah-portefeulje vir lede wat eerder hulle fondswaarde ooreenkomstig die beginsels van die Islamitiese reg wil belê.

## 2. Aftreevoordele

### 2.1 Wat is die normale aftreeouderdom?




Jy moet aftree teen Desember van die jaar waarin jy 65 word, of soos wat jou dienskontrak met die US bepaal.

### 2.2 Waaruit sal my aftreevoordeel bestaan as ek op die normale aftreeouderdom aftree?

Jou aftreevoordeel is die waarde van jou SURF-fondskrediet, wat uit die som van die volgende bedrae bestaan:

2.2.1 Bydraes tot jou aftreevoordeel in die Fonds

2.2.2 Bykomende bydraes tot jou aftreevoordeel in die Fonds

2.2.3 Oorplasings uit ander fondse

Onthou ook dat jou fondskrediet na gelang van die beleggingsinkomste toeneem en afneem.

### 2.3 Kan ek vóór die normale aftreeouderdom aftree, en indien wel, watter impak sou dit op my voordele hê?

Jy kan in enige stadium ná 55 aftree, mits die US goedkeuring verleen. Die waarde van die vroeëaftreevoordeel is jou SURF-fondskrediet in daardie stadium.

### 2.4 Wat is my opsies wanneer ek aftree?

- Jy kan jou uittrede uit SURF uitstel, wat beteken dat jy jou aftreevoordeel in ’n later stadium neem.
- y kan ’n deel van jou aftreevoordeel as ’n enkelbedrag kontant neem en die res gebruik om ’n annuïteit (pensioen) te koop, onderworpe aan die aftreehervormings wat op 1 Maart 2021 in

werking getree het.

- Jy kan jou hele aftreevoordeel na ’n uittreeannuïteitsfonds oorplaas.

# 3. Sterftevoordele ná aftrede

## 3.1 Is daar enige voordeel wat uitbetaal word indien ek ná aftrede sterf?

Nee, SURF bied geen sterftevoordele ná aftrede nie. Die uitbetaling van sterftevoordele aan jou eggenoot en afhanklikes ná jou aftrede hang af van die bepalings van die pensioenproduk (indien enige) wat jy met jou aftrede by ’n versekeraar koop. Dít is waarom jou keuse van pensioenproduk so ’n belangrike besluit is.



Jy sal geregtig wees op dekking ingevolge die groeplewensversekeringskema. Die bedrag hang af van waarvoor jy in aanmerking kom.

# 4. Sterftevoordele vóór aftrede

## 4.1 Watter voordele word uitbetaal indien ek te sterwe kom vóór die normale aftreeouderdom en terwyl ek nog by die US werk?

SURF-fondskrediet:

Jou volle SURF-fondskrediet is betaalbaar, minus enige koste wat aangegaan word om moontlike begunstigdes op te spoor. Hierdie bedrag sal aan jou afhanklikes of begunstigdes (of albei) uitbetaal word, soos wat die SURF-trustees bepaal.

Eggenootpensioen (*indien jy dit nie van die hand gewys het nie*):

Die eggenootpensioen is gelyk aan 35% van jou pensioengewende salaris en verhoog met inflasie, maar nooit met meer as 10% nie. Verhogings geskied op die herdenkingsdatum van die eis. Hierdie voordeel is lewenslank betaalbaar.

Kinderpensioen (*indien jy dit nie van die hand gewys het nie*):

Die kinderpensioen is gelyk aan 10% van jou pensioengewende salaris vir elke afhanklike kind, tot en met drie afhanklike kinders in enige bepaalde stadium. ’n ‘Afhanklike kind’ is ’n ongetroude persoon jonger as 18 wat ten tyde van jou afsterwe van jou afhanklik was, en sluit ’n wettig aangenome kind en ’n stiefkind in. In geval van voltydse studente kan die trustees die ouderdomsperk van 18 tot 24 verhoog. Indien die kind om mediese redes ten volle van jou afhanklik was, kan die ouderdomsperk geheel en al opgehef word.

**VOORBEELD**

'n Getroude SURF-lid met kinders sterf met 'n pensioengewende jaarlikse salaris van R200 000 en 'n SURF-fondskrediet van R100 000. Die volgende voordele is betaalbaar aan die oorledene se afhanklikes of benoemde begunstigdes (soos wat die trustees bepaal):

- Enkelbedrag: R100 000 (d.w.s die lid se totale SURF-fondskrediet)
- Eggenootpensioen: R5 833 per maand (d.w.s. 35% van R200 000 per jaar, verdeel in 12 maandelikse betalings
- Kinderpensioen: R1 667 per maand per kind (d.w.s. 10% van R200 000 per jaar, verdeel in 12 maandelikse betalings)

Indien geen pensioen aan 'n eggenoot betaalbaar is nie, verdubbel die bedrag van die kinderpensioen. Inflasieverwante verhogings is van toepassing, onderworpe aan 'n boperk van 10%, en verhogings geskied op die herdenkingsdatum van die eis.

Die minimum betaalbare sterftevoordeel is twee keer die bedrag van jou jaarlikse pensioengewende salaris. Indien die waarde wat aan 'n eggenoot of kinders (of albei) uitbetaal moet word kleiner is as die minimum sterftevoordeel, word 'n bykomende bedrag aan jou afhanklikes uitbetaal om vir die verskil te vergoed.

### 4.2 Hoe word voordele uitbetaal?

Die SURF-fondskrediet word uitbetaal aan afhanklikes, benoemdes of begunstigdes, onderworpe aan die trustees se finale besluit. Sorg asseblief dat jy jou benoemingsvorm bygewerk hou; dit vergemaklik die trustees se taak om die sterftevoordele toe te ken.

### 4.3 Kan ek die eggenoot- en kinderpensioen (sterftevoordeel) by diensbeëindiging in 'n persoonlike lewenspolis omskep?

Nee, omskepping is nie tans moontlik nie.

## 5. Diensbeëindigingsvoordele

### 5.1 Watter voordele is betaalbaar indien my diens by die US beëindig word?



Jou SURF-fondswaarde word vanaf 1 September 2024 in drie "potte" opgedeel:

a) Gevestigde "Vested" pot: bydraes tot 31 Augustus 2024, plus groei daarop.

b) Spaarpot ("Savings pot"): 1/3 van fondsbydraes vanaf 1 September 2024, plus groei daarop.

c) Aftreepot ("Retirement pot"): 2/3 van fondsbydraes vanaf 1 September 2024, plus groei daarop.

Wanneer diens beëindig word, is a en b betaalbaar. C is slegs toeganklik by aftrede.

### 5.2 Wat is my opsies indien my diens beëindig word?

- Jy kan jou krediet in die Fonds bewaar en sal dan as ’n opbetaalde lid van die Fonds geklassifiseer word.
- Jy kan jou volle fondskrediet (gevestigde pot plus spaarpot plus aftreepot) belastingvry na ’n ander goedgekeurde voorsorgfonds, bewaringsfonds of uittreeannuïteitsfonds oorplaas. Die drie potte binne jou fondskrediet behou hulle aard wanneer dit na ‘n ander goedgekeurde fonds oorgedra word.
- Jy kan ’n gedeelte van jou fondskrediet (gevestigde pot en spaarpot) in kontant neem (en belasting daarop betaal). Jou gevestigde pot sal belas word volgens SARS se onttrekkingsbelastingtabel, jou spaarpot sal teen jou marginale koers belas word. Indien ‘n lid ‘n deel van die gevestigde pot in kontant wil neem, moet die res van die gevestigde pot tesame met die spaarpot en aftreepot na ’n ander goedgekeurde voorsorgfonds, bewaringsfonds of uittreeannuïteitsfonds oorgeplaas word.

## 6. Algemeen

### 6.1 Kry ek belastingverligting op my bydraes?




Die werkgewer se bydraes tot SURF word in die hande van die werknemer belas. Nietemin kry jy wel ’n belastingaftrekkingsvoordeel van tot 27,5% van jou totale belasbare inkomste, tot en met R350 000 per jaar. Dít sluit persoonlike annuïteite in.

### 6.2 Word ek belas op die SURF-voordele wat aan my uitbetaal word?

Alle eenmalige voordele is belasbaar, maar die Wet op Inkomstebelasting maak voorsiening vir sekere belastingvrye bedrae. So byvoorbeeld is ’n gedeelte van die voordeel wat hetsy met aftrede of bedanking betaalbaar is, vrygestel van belasting. Raadpleeg die belastingkoerse vir volledige inligting.

# Afdeling B

Die ongeskiktheidsversekeringskema bied maandelikse inkomstevoordele aan lede wat deur die versekeraar as ongeskik vir werk verklaar word.

## 1. Premies

Die US betaal alle bydraes en premies ten opsigte van die ongeskiktheidskema as deel van jou koste van indiensname.

## 2. Ongeskiktheidsvoordele

## 2.1 Wat gebeur indien ek ongeskik verklaar word?



Indien die versekeraar jou medies ongeskik verklaar, is jy geregtig op ’n ongeskiktheidsvoordeel ingevolge die ongeskiktheidskema nadat die wagtydperk verby is. Ná twaalf maande moet die skema bepaal of jy ’n soortgelyke beroep sal kan beoefen waarvoor jy geskik verklaar of redelikerwys opgelei kan word, met inagneming van die graad van jou ongeskiktheid sowel as jou persoonlike kennis, opleiding en opvoedingsvlak.

**LET WEL:** Die betekenis van ‘ongeskiktheid’ word volledig uiteengesit in die amptelike versekeringspolis, waarvan jy ’n afskrif kan aanvra. Hierdie gids bied slegs ’n algemene samevatting van die polisvoordele. Raadpleeg asseblief die polisdokument self vir die presiese bewoording van die voordele. Alle eise word ingedien by die versekeraar wat die skema onderskryf, en die versekeraar se besluit om ’n bepaalde ongeskiktheidseis goed te keur of van die hand te wys is finaal.

## 2.2 Wanneer is die ongeskiktheidsvoordeel betaalbaar?

Die voordeel is betaalbaar nadat die versekeraar jou medies ongeskik vir werk verklaar het en ’n wagtydperk van drie maande verby is. Die US moet jou gedurende die wagtydperk steeds jou volle vergoeding betaal, mits jy genoeg verlof beskikbaar het.

## 2.3 Hoe word my ongeskiktheidsvoordeel bereken?

Die voordeel word bereken as 75% van koste van indiensname, tot en met ’n maksimum van koste van indiensname minus inkomstebelasting, na gelang van die bepalings in die versekeringspolis en die versekeraar se berekeninge.

**VOORBEELD**

’n Lid van die ongeskiktheidskema kon om gesondheidsredes nie die afgelope drie maande sy gewone werk doen nie, en die versekeraar het ’n eis om ongeskiktheidsvoordele toegestaan. Die jaarlikse koste van indiensname by die aanvangsdatum van die ongeskiktheid is R240 000 (R20 000 per maand), so die jaarlikse pensioengewende salaris (75% van die koste van indiensname) is R180 000 (R15 000 per maand).

Die maandelikse ongeskikheidsvoordeel is dus R15 000, wat betaalbaar is vanaf die vierde maand nadat die ongeskiktheid goedgekeur is. Die voordeel word belastingvry uitbetaal.

Indien jy ekstra inkomste uit ander bronne verdien, of as die versekeraar reken dat jy ekstra inkomste kan verdien, kan die ongeskiktheidsvoordeel dienooreenkomstig verlaag word. Die versekeraar kan ook in enige stadium aandring op mediese bewys dat jy steeds ongeskik is vir werk. Die uitbetaling van enige ongeskiktheidsvoordele hang af van jou vermoëns, en nie van die beskikbaarheid van werksgeleenthede nie.

## 2.4 Wat gebeur met my SURF-lidmaatskap terwyl ek ongeskiktheidsvoordele ontvang?

Jy bly ’n volwaardige SURF-lid terwyl ongeskiktheidsvoordele uitbetaal word, en die US sal voortgaan om tot SURF by te dra asof jy nog ten volle in diens is.

## 2.5 Wanneer word die uitbetaling van ongeskiktheidsvoordele gestaak?

Die uitbetaling van ongeskiktheidsvoordele eindig:

2.5.1 wanneer jy te sterwe kom;

2.5.2 indien die versekeraar ná behoorlike oorweging en met verwysing na die definisie van ‘ongeskiktheid’ in die polisdokument tot die gevolgtrekking kom dat jy nié meer medies ongeskik is nie; of

2.5.3 wanneer jy die normale aftreeouderdom bereik.

## 2.6 Sal my ongeskiktheidsinkomste oor tyd toeneem?

Die voordeel verhoog jaarliks op die herdenkingsdatum van die eis.